


## OPGEGRADEERDE NOORDHOEK BIBLIOTEEK NOU OOP VIR DIE PUBLIEK

Die Noordhoek Biblioteek is weer oop vir die publiek nadat R1,4 miljoen se opgraderings aan die fasiliteit aangebring is. Die biblioteek sal nou meer gerieflik wees vir beide kinders en volwassenes wat gebruik wil maak van die dienste wat beskikbaar is. Die studie-area is groter gemaak vir kinders wat wil leer of skoolwerk in 'n veilige omgewing wil doen.

Die opgeknapte fasiliteit het nie net 'n groter studie-area nie, maar ook 'n nuwe aktiwiteitsaal, groter spasie vir storietyd vir die kleiner kinders en ses rekenaars met internet toegang wat gratis deur die publiek gebruik kan word.



Die behoefte van 'n groter biblioteek was opgeneem in Bergrivier Munisipaltieit se GOP dokument en aansoek is ingedien by Provinsiale Biblioteekdienste vir die fondse.

Die area rondom die biblioteek is geplavei asook omhein om 'n netjiese en veilige area vir al ons lede te skep. Kom besoek ons gerus!



## KLIëNTEDIENSBEAMPTES

Vir alle navrae kontak gerus u naaste kliëntediensbeampte:

⇒ **Piketberg** Jackie van Huyssteen 022 913 6000 *vanhuyssteenj@bergmun.org.za*

⇒ **Porterville** Elisma Maarman 022 931 2100 *maarmane@bergmun.org.za*

⇒ **Velddrif** Claureen Varnicker 022 783 1112 *varnickerc@bergmun.org.za*

## BERGMUN SAYS FAREWELL TO THE LATE BENJAMIN WAGENSTROOM AND ANDRIES SMIT

Bergrivier Municipality is deeply saddened by the news of the passing of two of its employees namely, Benjamin Ferdinand Wagenstroom and Andries Smit, who both worked in the Technical Services Department in Porterville.

The late Wagenstroom (59) passed away on 22 August 2021. The late Smit (59) passed away on 23 August 2021. Wagenstroom started working at Bergrivier Municipality in 2013, whilst Smit joined Bergrivier Municipality 35 years ago in 1986.

Wagenstroom was in charge of the artisan team in the Building Control Unit. They were tasked with the maintenance and upkeep of the municipal buildings. He will be remembered as a very friendly person who had lots of patience and always made time to make others laugh and keep the mood up in the team. Wagenstroom was also a responsible person with unique leadership qualities, which could be seen in the execution of his work obligations. We're talking about a loyal and dedicated person who did all he could to ensure that the Municipality's excellent reputation of service delivery is maintained.

Smit worked as a machine operator who worked with the tarring team. This team is responsible for working with small machinery. They ensure that the quality of the roads in the town is of a good standard. He performed his work exceptionally well and really embodied our motto which says: "We serve with pride". The late Smit was always at work. It didn't matter whether it was raining, storming or extremely windy, he was always ready to serve the community.

We will really miss our dear colleagues. They were part of the Bergrivier Municipal Family.

Bergrivier Municipality would like to extend our deepest sympathy to the two affected families and we pray that God will give them the strength and comfort during this difficult period.

## VELDDRIF VERKEERSKANTOOR NOU OOP OP SEKERE SATERDAE

Bergrivier Munisipaliteit se Velddrif Verkeerskantoor het vanaf 1 Julie 2021 hul dienste vermeerder om aan die uitgebreide behoeftes van die algemene publiek te voldoen.

Die kantore sal oop wees vir die hernuwing van Bestuurderslisensies, afsprake vir Leerling-en Bestuurderslisensies en die lisensiëring van voertuie. Hierdie dienste sal vanaf 08:00 tot 12:00 op die tweede (2de) of derde (3de) Saterdag van die maand geskied, afhangend of daar vier of vyf Saterdae in die spesifieke maand is. Indien daar vier weke in 'n maand, is sal die kantore op die tweede Saterdag oop wees en as daar vyf Saterdae is sal die kantore op die derde Saterdag oop wees.

Die toets van voertuie vir padwaardigheid en Leerling-en Bestuurderslisensies het vanaf 1 Julie 2021 nie meer op Vrydae geskied nie. Op hierdie besigste tye wil die Verkeersafdeling hul Verkeersbeamptes ten volle in ons areas ontplooi om wetteloosheid in die Munisipale Gebied aan te spreek.

Vir meer inligting skakel Cavin Cornelissen (Hoof: Verkeer en Wetstoepassing) by 083 272 3654 of Dean Josephus (Direkteur: Gemeenskapsdienste) by 083 272 3826. Ons dien met trots!


# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**




**WE SERVE WITH PRIDE** **SEPTEMBER 2021**

## PIETIE FREDERICKS YOUTH CENTRE TO BE CONSTRUCTED IN PIKETBERG


"Young people, here is a facility that will be built for you".

These are the words of the Executive Mayor of Bergrivier Municipality, Alderman Ray van Rooy, who confirmed that a youth centre will be developed in Piketberg to nurture and positively stimulate the minds of youth in the town. The centre will be located on the current vacant land in Calendula Street. This project is being done in partnership with PPC, Suiderland Plase and Tip Trans Resources, all assisting to fund this initiative.

The purpose of the youth centre, valued at R5,5 million, is to develop strong youth leaders for the future of the Bergrivier Municipal Area.

The youth centre will be named after the late Pietie Fredericks, who fought for the young people of Piketberg. "This is how we will honour him," said Van Rooy. It is anticipated that the multi-purpose facility will run various programmes to physically and mentally develop young people through indoor sports, aftercare, tutoring lessons, and other skills development initiatives.

The construction phase of the project has already commenced with the ordering of the steel structure that will be erected soon. Local construction businesses will be given the opportunity to deliver a service throughout the duration of the project. We serve with pride!



*This is an illustration of how the Pietie Fredericks Youth Centre will look once the construction of the building has been completed.*

## ACTIVE BOX OPERATING TO KEEP YOU SAFE!



The Active Box acts as a measure to build a safe and sustainable neighbourhood through crime prevention. This is the view of Bergrivier Municipality.

This facility will provide much-needed safety support along one of the busiest pedestrian thoroughfare routes in the town, which many people use to get to work and back home.

The R2,6 million project, which forms part of the Regional Socio-Economic Programme (RSEP), is a three level multi-purpose building. The building is fitted with a high-tech control room, whereby operators are tasked to manage nine (9) surveillance cameras. There are six cameras in Piketberg, two (2) in Porterville and one (1) in Laaiplek. These cameras have been installed in residential areas and in the central business districts of these towns to track civilian movement. License plate recognition cameras have also been installed in various locations across the town to track the movement of vehicles.

"The safety of residents is our responsibility. With this we emphasise the role of Bergrivier Municipality in cooperation with our community and other safety partners, to create a safe and secure environment," said Cavin Cornelissen, Head: Traffic Services at Bergrivier Municipality. Let's play our part to keep our community safe!



## RAPPORTEER GEVALLE VAN BEDROG EN KORRUPSIE:

Vermeende gevalle van bedrog en korrupsie wat met Bergrivier Munisipaliteit verband hou, kan gerapporteer word via 'n Teenbedrog en -Korrupsienoodlyndiens.

Alle openbaarmakings kan gemaak word met behulp van die onderstaande kontakbesonderhede: **Tolvrye telefoonnommer**: 0860 004 009; **E-posadres:** westcoast@behonest.co.za

Lede van die publiek word ook aangemoedig om enige bedrog-en/ of korrupsiebewerings aan die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Ray van Rooy, by 083 657 9615, te rapporteer. U kan ook enige bedrog– en/ of korrupsiebewerings rapporteer aan die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde by 022 913 6011 of aan die Interne Ouditeur, Jurene Erasmus, by 022 913 6002 of per e-pos: frankj@bergmun.org.za

## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT MOEDIG INWONERS AAN OM HUISHOUDELIKE TOESTELLE AF TE SKAKEL GEDURENDE PERIODE VAN BEURTKRAG


### 'Wag 30 tot 60 minute na beurtkrag voordat u u toestelle weer aanskakel'

Bergrivier Munisipale Gebied se elektriese netwerke ondervind ongewone druk, as gevolg van oorstroom toestande, sodra die toevoer hervat nadat Eskom beurtkrag geïmplementeer het. Die oorstroom toestande word verder vererger tydens koue weer en wanneer elektriese toevoer aangeskakel word binne die daaglikse piek tye soos deur die grafiek (hieronder) aangedui. Die gevolg is dat die onderskeie dorpe se hoofstroombrekers uitklink.

Die elektriese netwerke beskik nie oor automatiese stelsels om die elektriese las te beheer nie. Indien so 'n situasie ontstaan moet bystandpersoneel die netwerk laste meganies beheer. Meganiese beheer neem tyd as gevolg van verskeie redes soos byvoorbeeld die afstande wat gery moet word na verskillende skakelstasies. Sulke situasies laat groot dele van die dorpe vir langer tye sonder elektriese toevoer.

Graag versoek ons alle verbruikers om nie direk na beurtkrag verhitters, verkoelers, *geysers*, ketels en stowe aan te skakel nie. Skakel asseblief tydens beurtkrag die toestelle af en wag tot tussen 30 en 60 minute na beurtkrag voordat u voortgaan met gebruik daarvan.

Die implementering van bogenoemde, sal die elektriese netwerke binne die Bergrivier Munisipale Gebied laat stabiliseer voordat verdere vrag op die netwerke geplaas word. Dit verseker 'n meer gerieflike oorgang gedurende en na beurtkrag periode.




*Die grafiek is 'n voorbeeld van hoe dorpe in die Bergrivier Munisipale Gebied se elektriese lasprofiele lyk. Daar is 'n duidelike piek in elektriese verbruik tussen 18:00 en 21:00 saans wanneer verbruikers tuis kom en begin om noodsaaklike take te verrig bv. kosmaak, bad, huise verhit of huise verkoel.*

## VYFDE SKOON OUDIT IN 'N RY VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

Bergrivier Munisipaliteit kondig met trots aan dat ons vir die vyfde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit vir die 2019/2020 finansiële jaar ontvang het en ons 8ste ongekwalifiseerde oudit.

"Ons is baie trots op hierdie prestasie wat ons behaal het. Hierdie skoon oudit bewys dat ons ons werk doen binne etiese en wetlike voorskrifte. Ons bedank graag ons Raadslede, direksie, amptenare en al ons rolspelers vir hul volgehoue goeie samewerking. Bergrivier Munisipaliteit is waarde-gedrewe en gaan uit ons pad om dienslewering ons top prioriteit te maak. Dankie aan elke lid van ons publiek wat ons voortdurend op ons tone hou. Ons dien met trots!" het Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, gesê.



'n Span ouditeurs het die afgelope vier maande 'n intensiewe evaluering van Bergrivier Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsels, finansiële state, interne beheermaatreëls, regering en leierskap gedoen. Dié munisipaliteit het sy skoon oudit status behou en het reeds vir die 8ste agtereenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde oudit.

Alle munisipaliteite word jaarliks ge-oudit. Die COVID-19 pandemie het ons as 'n munisipaliteit geforseer om dinge anders te doen, maar ons was gereed vir die uitdaging. Dié munisipaliteit het op 30 Junie 2021 die finale ouditverslag deur die onafhanklike Ouditeur-Generaal ontvang.

Die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde, het verduidelik dat goeie spanwerk, goeie gesindhede en 'n kultuur om dinge reg te doen, die sleutelfaktore was in die bereiking van 'n suksesvolle verslag en het haar hele span hartlik bedank.

## WEES VERSIGTIG, BERGRIVIER SE AKTIEWE GEVALLE STYG IN DERDE GOLF



Soos u weet is die COVID-19 virus besig om vinnig deur die Bergrivier Munisipale Gebied te versprei en het reeds die lewens van meer as 100 mense geëis en ons geliefdes sterf. Almal word ernstig geraak deur hierdie verwoestende pandemie.

Ons doen 'n beroep op alle inwoners om hul inentings te kry en saam te werk om die verspreiding van hierdie dodelike virus te stop. Die tempo waarteen hierdie dodelike virus in ons gemeenskappe versprei is uiters kommerwekkend.

Beskerm u self en u geliefdes deur: 'n Masker te dra, gereeld hande te was, hou 'n sosiale afstand van 1,5 meter vanaf ander persone, vermy groot byeenkomste, en bly tuis indien u siek voel en simptome van COVID-19 ervaar. Die veiligheid van Bergrivier is in ons hande.